Geen dosisaanpassing is nodig by pasiënte met ligte of matige renale inkorting nie. Daar is geen kliniese ondervinding in pasiënte met ernstige renale inkorting nie. (Sien afdeling 4.3 en 5.2).

Bejaarde pasiënte
Geen dosisaanpassing is nodig nie. Alhoewel, vir bejaarde pasiënte met 'n liggaamsgewig van 50 kg of minder, is die aanbeveling om terapie te inisieer op die laagste aanbevole dosering.

Kinders
Aangesien geen data beskikbaar is nie, word **CYRETIB** nie aanbeveel vir persone jonger as 18 jaar nie.

Metode van toediening
Orale gebruik. **CYRETIB** moet heel saam met 'n glas water geneem word, met of sonder kos.

4.3 Kontraïndikasies
- Hipersensitiwiteit vir selekoksib, of enige ander hulpstof van **CYRETIB** (sien afdeling 6.1).
- Bekende hipersensitiwiteit vir sulfonamied.
- Ernstige hepatiese inkorting (serum albumien < 25 g/L of Child-Pugh telling ≥ 10).
- Ernstige renale inkorting met geskatte kreatienopruiming van < 30 mL/min.
- Asma, urtikarie, of allergiese-tipe reaksies wat deur aspirien of nie-steroïede anti-inflammatoriese middels (NSAIMs), insluitend ander siklo-oksigenase-2 (SOK-2) spesifieke inhibeerders, gepresipiteer word.
- Gevestigde iskemiese hartsiektes en/of serebrovaskulêre siektes (beroerte) en perifere arteriële siekte.
- Peri-operatiewe analgesie teen die agtergrond van koronêre arterie omleidingschirurgie (CABG).
- Aktiewe peptiese ulserasie of gastroïntestinale (GI) bloeding.
- Inflammatoriese dermsiekte.
- Tydens swangerskap en in vrouens met swangerskap-potensiaal, tensy 'n effektiewe voorbehoedmetode toegepas word (sien afdeling 4.6). Die potensiaal vir menslike risiko in swangerskap is onbekend, maar kan nie uitgesluit word nie.
- Borsvoeding (sien afdeling 4.6).

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik

CYRETIB mag predisponeer tot kardiovaskulêre insidente, serebrovaskulêre insidente, gastroïntestinale gebeure of kutaneuse reaksies, wat noodlottig mag wees.

Veiligheid en doeltreffendheid van **CYRETIB** is nog nie vasgestel vir behandeling wat langer as 12 weke in osteoartritis en 24 weke in rumatoïede artritis duur nie.

Kardiovaskulêre effekte
Verhoogde aantal ernstige kardiovaskulêre (CV) gebeure, hoofsaaklik miokardiale infarksie, is gerapporteer by pasiënte met sporadiese adenomateuse poliepe wat behandel is met selekoksib (soos in **CYRETIB**) in dosisse van 200 mg twee maal per dag en 400 mg twee maal per dag, vergeleke met placebo (sien afdeling 5.1).
Aangesien die kardiovaskulêre risiko's van **CYRETIB** kan toeneem met die dosis en blootstellingsduur, moet die kortste moontlike tydsduur en die laagste effektiewe daaglikse dosis gebruik word. NSAIMs, insluitend SOK-2-selektiewe inhibeerders, is geassosieer met 'n verhoogde risiko vir kardiovaskulêre en trombotiese newe-effekte as dit langtermyn geneem word. Die presiese omvang van die risiko verbonde aan 'n enkele dosis is nie bepaal nie, en ook nie die presiese duur van die behandeling wat verband hou met verhoogde risiko nie. Die pasiënt se behoefte aan simptomatiese verligting en reaksie op terapie moet periodiek herevalueer word, veral by pasiënte met osteoartritis (sien afdelings 4.2, 4.3, 4.8 en 5.1
Omsigtigheid word aanbeveel wanneer **CYRETIB** voorgeskryf word vir pasiënte met risiko faktore vir kardiovaskulêre insidente (bv. hipertensie, hiperlipidemie, diabetes mellitus, rook).

CYRETIB is nie 'n plaasvervanger vir asperien vir profilakse van kardiovaskulêre trombo-emboliese siektes nie weens die gebrek aan anti-plaatjie effekte. Dus, anti-plaatjie behandeling moet nie gestaak word nie.

Anafilakotoïede reaksies
Soos met NSAIMs in die algemeen, het anafilakotoïede reaksies voorgekom by pasiënte wat aan **CYRETIB** blootgestel is (sien afdeling 4.3).

Gastroïntestinale (GI) effekte
Boonste en onderste gastroïntestinale komplikasies (perforasies, ulkusse of bloeding (PUBs)), waarvan sommige noodlottig was, het voorgekom by pasiënte wat met selekoksib (soos in **CYRETIB**) behandel was. Omsigtigheid word aanbeveel met die behandeling van pasiënte met die grootste risiko om gastroïntestinale komplikasies met NSAIMs te ontwikkel; bejaardes, pasiënte wat enige ander NSAIMs of anti-plaatjie medisyne (soos asperien) of glukokortikoïede gelyktydig gebruik, pasiënte wat alkohol gebruik, of pasiënte met 'n voorafgaande geskiedenis van gastroïntestinale siekte, soos ulserasie en GI bloeding.

Wanneer **CYRETIB** saam met aspirien geneem word (selfs teen lae dosisse), is daar 'n verdere toename in die risiko van gastroïntestinale newe-effekte vir selekoksib (gastroïntestinale ulserasie of ander gastroïntestinale komplikasies).

'n Beduidende verskil in GI-veiligheid tussen selektiewe SOK-2 inhibeerders plus aspirien teenoor NSAIMs plus aspirien is nie in langtermyn kliniese toetse getoon nie.

Gelyktydige NSAIM gebruik
Die gelyktydige gebruik van **CYRETIB** en 'n nie-aspirien NSAIM moet vermy word.

Vloeistofretensie en edeem
Vloeistofretensie en edeem is waargeneem by pasiënte wat selekoksib (soos in **CYRETIB**) gebruik het. Dus, moet **CYRETIB** met sorg gebruik word by pasiënte met 'n geskiedenis van hartversaking, linker ventrikulêre disfunksie of hipertensie, en by pasiënte met bestaande edeem vanweë enige ander rede, aangesien prostaglandien-inhibisie kan lei tot verswakking van die nierfunksie en vloeistofretensie.

Omsigtigheid is ook nodig by pasiënte wat diuretika behandeling neem of risiko van hipovolemie het.

Pasiënte met voorafbestaande kongestiewe hartversaking of hipertensie moet noukeurig gemonitor word.

Hipertensie
NSAIMs, insluitend selekoksib (soos in **CYRETIB**) mag lei tot die aanvang van nuwe hipertensie of verergering van voorafbestaande hipertensie, wat albei kan bydra tot die verhoogde voorkoms van kardiovaskulêre insidente. Daarom moet bloeddruk noukeurig monitor word tydens die aanvang van die behandeling met **CYRETIB** en gedurende die verloop van die behandeling.

Hepatiese en renale effekte
Verswakte renale of hepatiese funksie en veral kardiale disfunksie is meer algemeen by bejaardes en daarom moet medies gepaste toesig gehandhaaf word.

NSAIMs, insluitend **CYRETIB**, mag renale toksisiteit veroorsaak. Selekoksib het renale effekte getoon soortgelyk aan die waargeneem by vergelykende NSAIMs. Pasiënte met die grootste risiko vir renale toksisiteit is diegene met verswakte renale funksie, hartversaking, lewer disfunksie, en diegene wat diuretika, angiotensienomskakelende ensiem (AOE)-inhibeerders, angiotensien II reseptor antagoniste gebruik en bejaardes (sien afdeling 4.5). Sulke pasiënte moet noukeurig gemonitor word tydens behandeling met **CYRETIB**.

Sommige gevalle van ernstige hepatiese reaksies, insluitend fulminante hepatitis (sommige met noodlottige uitkoms), lewernekrose en hepatiese inkorting (sommige met noodlottige uitkoms of vereiste leweroorplanting), is aangemeld met selekoksib (vervat in **CYRETIB**). Onder die gevalle wat die tyd tot aanvang gerapporteer het, het meeste van die ernstige hepatiese newe-effekte ontwikkel binne een maand na die aanvang van selekoksib (vervat in **CYRETIB**) behandeling (sien afdeling 4.8).

As pasiënte tydens behandeling verswak in enige van die bogenoemde orgaanstelsel funksies, moet toepaslike maatreëls getref word en staking van die **CYRETIB** terapie oorweeg word.

Omsigtigheid moet aan die dag gelê word as behandeling begin word by pasiënte met dehidrasie. Dit is raadsaam om pasiënte eers te rehidreer en dan terapie met **CYRETIB** te begin.

CYP2D6 inhibasie
Selekoksib inhibeer CYP2D6. Alhoewel dit nie 'n sterk inhibeerder van die ensiem is nie, mag 'n dosisverlaging van **CYRETIB** noodsaaklik wees vir individuele dosis-getitreerde medisyne wat gemetaboliseer word deur CYP2D6 (sien afdeling 4.5).

CYP2C9 swak metaboliseerders
Pasiënte wat bekend is dat hulle CYP2C9 swak metaboliseerders is, moet met sorg behandel word.

Vel en sistemiese hipersensitiwiteitsreaksies
Ernstige vel reaksies, sommige noodlottig, insluitend eksfoliatiewe dermatitis, Steven-Johnson sindroom, en toksiese epidermale nekrolise is in baie seldsame gevalle in assosiasie met die gebruik van selekoksib (soos in **CYRETIB**) aangemeld, sien afdeling 4.8.

Pasiënte blyk die grootste risiko vir hierdie gebeure te hê vroeg in die loop van die behandeling: die aanvang van die gebeurtenis kom in die meeste gevalle binne die eerste maand van die behandeling voor. Ernstige hipersensitiwiteitsreaksies (insluitend anafilakse, angio-edeem en geneesmiddeluitslag met eosinofilie en sistemiese simptome (DRESS) of hipersensitiwiteitsindroom) is gerapporteer by pasiënte wat selekoksib (soos in **CYRETIB**) ontvang het, sien afdeling 4.8.
Pasiënte met 'n geskiedenis van sulfonamied-allergie of enige geneesmiddel-allergie, mag 'n groter risiko hê vir ernstige velreaksies of hipersensitiwiteitsreaksies (sien afdeling 4.3). **CYRETIB** moet gestaak word met die eerste verskyning van veluitslag, slymvliesletsels, of enige ander teken van hipersensitiwiteit.

Algemeen
CYRETIB kan koors en ander tekens van inflammasie maskeer.

Gebruik saam orale antikoagulante
By pasiënte op gelyktydige behandeling met warfarien, is ernstige bloedingsinsidente, waarvan sommige noodlottig was, gerapporteer (sien afdelings 4.8 en 4.5). Omdat 'n toename in protrombientyd (INR) aangemeld is, moet antikoagulerende aktiwiteit noukeurig gemonitor word by pasiënte wat warfarien/kumarien-tipe orale antikoagulante ontvang, veral wanneer behandeling met **CYRETIB** geïnisieer word, of die dosis daarvan verander word (sien afdeling 4.5) . Gelyktydige gebruik van antikoagulante met NSAIMs kan die risiko van bloeding verhoog. Omsigtigheid moet aan die dag gelê word wanneer **CYRETIB** gekombineer word met warfarien of ander orale antikoagulante, insluitend nuwe antistolmiddels (bv. apiksabaan, dabigatran en rivaroksabaan).

Hulpstowwe
CYRETIB 100 mg en 200 mg kapsules bevat laktosemonohidraat (sien afdelings 2 en 6.1). Pasiënte met seldsame oorerflike probleme van galaktose-onverdraagsaamheid, totale laktase-gebrek of glukose/galaktose-wanabsorpsie moet nie **CYRETIB** neem nie.

4.5 Interaksie met ander medisyne en ander vorms van interaksie
Farmakodinamiese interaksies
Antikoagulante
By pasiënte wat op gelyktydige behandeling met warfarien is, is toenames in protrombientyd (INR) aangemeld (sien afdeling 4.4).
Antikoagulant aktiwiteit moet gemonitor word, veral in die eerste paar dae na inisiëring of verandering van die dosis van **CYRETIB** in pasiënte wat warfarien of ander antikoagulante ontvang aangesien hierdie pasiënte 'n verhoogde risiko van bloeding komplikasies het. Dus, pasiënte wat orale antikoagulante ontvang, moet noukeurig gemonitor word vir protrombientyd INR, veral in die eerste paar dae wanneer **CYRETIB** behandeling geïnisieer word of as die dosis verander word (sien afdeling 4.4). Bloedingsgevalle geassosieer met verhoogde protrombientyd (INR) is gerapporteer by pasiënte (hoofsaaklik by bejaardes) wat selekoksib (soos in **CYRETIB**) gelyktydig met warfarien ontvang, sommige gevalle noodlottig van aard.

Antihipertensiewe middels
NSAIMs, insluitend **CYRETIB**, mag die effek van antihipertensiewe medisyne (insluitend AOE inhibeerders, angiotensien II reseptorantagoniste, diuretika en beta-blokkeerders) verminder. Hierdie interaksie moet oorweeg word by pasiënte wat **CYRETIB** saam met antihipertensiewe medisyne gebruik.

Wat NSAIMs betref, mag die risiko van akute renale inkorting, wat gewoonlik omkeerbaar is, verhoog word by sommige pasiënte met gekompromitteerde renale funksie (bv. gedehidreerde pasiënte, pasiënte met diuretika of bejaarde pasiënte) wanneer AOE inhibeerders of angiotensien II reseptorantagoniste, en/of diuretika gekombineer word met NSAIMs, insluitend **CYRETIB** (sien afdeling 4.4). Dus, moet die kombinasie met omsigtigheid toegedien word, veral by bejaardes. Pasiënte moet voldoende gehidreer word en daar moet oorweeg word om die renale funksie te monitor na die aanvang van die gelyktydige behandeling asook periodies daarna.

Kliniese studies, sowel as waarnemings ná bemarking, het getoon dat NSAIMs die natriuretiese effek van furosemied en tiasiede by sommige pasiënte kan verminder. Hierdie reaksie word toegeskryf aan die inhibisie van renale prostaglandien sintese.

Siklosporien en takrolimus
Gelyktydige toediening van NSAIMs (insluitend **CYRETIB**) en siklosporien of takrolimus kan die nefrotoksiese effek van onderskeidelik siklosporien of takrolimus verhoog. Renale funksie moet gemoniteer word wanneer **CYRETIB** en enige van hierdie medisyne gekombineer word.

Aspirien
CYRETIB mag saam met lae-dosis aspirien gebruik word. Alhoewel gelyktydige toediening van aspirien met **CYRETIB** mag lei tot 'n verhoogde voorkoms van GI ulserasie of ander komplikasies, vergeleke met die gebruik van **CYRETIB** alleen. Vanweë die gebrek aan plaatjie-effekte, is **CYRETIB** nie 'n plaasvervanger van aspirien vir kardiovaskulêre profilakse nie.

Daar is geen bestendige bewyse dat gelyktydige gebruik van aspirien die verhoogde risiko vir ernstige kardiovaskulêre trombotiese insidente wat geassosieerd is met **CYRETIB** verminder nie.

'n Verhoogde risiko vir gastro-intestinale ulserasie of ander gastro-intestinale komplikasies in vergelyking met die gebruik van **CYRETIB** alleen is getoon vir gelyktydige toediening van lae-dosis aspirien.

Farmakokinetiese interaksies
*Effekte van **CYRETIB** op ander medisyne*
CYP2D6 inhibisie
Selekoksib is 'n inhibeerder van CYP2D6. Die plasmakonsentrasies van medisyne wat substrate van hierdie ensiem is, kan verhoog word wanneer **CYRETIB** gelyktydig gebruik word. Voorbeelde van medisyne wat deur CYP2D6 gemetaboliseer word, is antidepressante (trisikliese en SSRI's), neuroleptika, anti-disritmiese medisyne, ens. Die dosis van individuele dosis-getitreerde CYP2D6 substrate moet moontlik verminder word wanneer behandeling met **CYRETIB** geïnisieer word, of verhoog word indien behandeling met **CYRETIB** gestaak word.

Gelyktydige toediening van selekoksib 200 mg twee maal per dag het gelei tot 2,6-voudige en 1,5-voudige toenames in plasmakonsentrasies van dekstrometorfaan en metoprolol (CYP2D6 substrate) onderskeidelik. Hierdie verhogings is as gevolg van selekoksib CYP2D6 inhibisie van die CYP2D6 substraatmetabolisme.

CYP2C19 inhibisie
In vitro studies het 'n mate van potensiaal getoon vir selekoksib om die CYP2C19-gekataliseerde metabolisme te inhibeer. Die kliniese belang van hierdie in vitro bevinding is onbekend. Voorbeelde van medisyne wat deur CYP2C19 gemetaboliseer word, is diasepien, sitalopraam en imipramien.

Metotreksaat
By pasiënte met rumatoïede artritis het selekoksib geen statisties beduidende effek op die farmakokinetika (plasma- of renale klaring) van metotreksaat (in rumatologiese dosisse) gehad nie. Alhoewel, voldoende monitering vir metotreksaat-verwante toksisiteit oorweeg moet word wanneer hierdie twee medisyne gekombineer word.

Litium
By gesonde persone, het die gelyktydige toediening van selekoksib 200 mg twee maal per dag met 450 mg litium twee maal per dag gelei tot 'n gemiddelde toename in Cmaks van 16 % en in die area onder die kurwe (AOK) van 18 % vir litium. Dus, pasiënte op litium behandeling moet noukeurig gemonitor word wanneer **CYRETIB** begin of onttrek word.

Orale voorbehoedmiddels
In 'n interaksie studie het selekoksib geen klinies relevante uitwerking op die farmakokinetika van orale voorbehoedmiddels (1 mg noretinderoon/35 mikrogram etinielestradiol), gehad nie.

Glibenklamied/tolbutamied
Selekoksib beïnvloed nie die farmakokinetika van tolbutamied (CYP2C9 substraat) of glibenklamied in 'n klinies beduidende mate nie.

Fenitoïen
In spesifieke studies by gesonde vrywilligers met ander medisyne wat deur CYP2C9 gemetaboliseer is, is gevind dat selekoksib geen klinies beduidende farmakokinetiese interaksie met fenitoïen lewer nie.

*Effekte van ander medisyne op **CYRETIB***
CYP2C9 swak metaboliseerders
By individue waar CYP2C9 swak metaboliseerders is en verhoogde sistemiese blootstelling aan selekoksib toon, kan gelyktydige behandeling met CYP2C9 inhibeerders soos flukonasool lei tot verdere toename in selekoksib blootstelling. Sulke kombinasies moet vermy word by bekende CYP2C9 swak metaboliseerders (sien afdeling 4.4).

CYP2C9 inhibeerders en induseerders
Aangesien selekoksib hoofsaaklik deur CYP2C9 gemetaboliseer word, moet **CYRETIB** teen die helfte van die aanbevole dosis gebruik word by pasiënte wat flukonasool ontvang. Gelyktydige toediening van 200 mg enkele dosis selekoksib en 200 mg een maal per dag flukonasool, 'n kragtige CYP2C9 inhibeerder, het gelei tot 'n gemiddelde toename in selekoksib Cmaks van 60 % en in AOK van 130 %. Gelyktydige gebruik van induseerders van CYP2C9 soos rifampisien, karbaamasepien en barbiturate kan die plasmakonsentrasie van selekoksib verlaag.

Ketokonasool en teensuurmiddels
Daar is nie waargeneem dat ketokonasool of teensuurmiddels die farmakokinetika van selekoksib beïnvloed nie.

Pediatriese bevolkingsgroepe
Interaksiestudies is slegs by volwassenes uitgevoer.

4.6 Vrugbaarheid, swangerskap en borsvoeding
Swangerskap
CYRETIB is gekontraïndikeerd tydens swangerskap (sien afdeling 4.3)
CYRETIB kan uteriene traagheid en premature sluiting van die ductus arteriosus veroorsaak en moet tydens swangerskap vermy word.

Borsvoeding
Beperkte data dui aan dat **CYRETIB** in borsmelk uitgeskei word en moet dus nie gebruik word tydens laktasie nie.

Vrugbaarheid
Op grond van die meganisme van werking, kan die gebruik van NSAIMs, insluitend **CYRETIB**, die skeuring van ovariale follikels vertraag of verhoed, wat geassosieer word met omkeerbare onvrugbaarheid in sommige vroue.

4.7 Uitwerking op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik
Die effek van selekoksib op die vermoë om te bestuur of masjinerie te hanteer, is nie bestudeer nie, maar op grond van die farmakodinamiese eienskappe en die algehele veiligheidsprofiel, is dit onwaarskynlik dat dit 'n uitwerking sal het. Pasiënte wat duiseligheid, vertigo of lomerigheid ervaar (sien afdeling 4.8) tydens gebruik van **CYRETIB**, moet hulle weerhou om te bestuur of masjinerie te hanteer.

4.8 Newe-effekte
Getabuleerde opsomming van newe-effekte

Infeksies en infestasies	
Gereeld:	Sinusitis, boonste lugweginfeksie, faringitis, urienweginfeksie, brongitis
Minder gereeld:	Helicobacter infeksie, herpes zoster, erisipelas, brongopneumonie, labirintitis, tandvleisinfeksie
Bloed- en Limfatiese Sisteemversteurings	
Minder gereeld:	Anemie, leukopenie, trombositopenie, pansitopenie, agranulositose, eggimose
Immuunstelselversteurings	
Gereeld:	Hipersensitiwiteit, verergering van allergie
Minder gereeld:	Anafilaktiese skok, anafilaktiese reaksie, angio-edeem
Frekwensie onbekend:	Anafilaksis
Metabolisme- en voedingsversteurings	
Gereeld:	Gewigstoename
Minder gereeld:	Hiperkalemie, verhoogde bloed natrium
Psigiatriese versteurings	
Gereeld:	Slaaploosheid
Minder gereeld:	Angs, depressie, moegheid, konfusie, hallusinasies
Senusisteemversteurings	
Gereeld:	Duiseligheid, hipertonie, hoofpyn
Frekwensie onbekend:	Serebrale infarksie (beroerte), para-estesie, lomerigheid, ataksie, disgeusie, intrakraniale bloeding (insluitend noodlottige intrakraniale bloeding), aseptiese meningitis, epilepsie (insluitend verergerende epilepsie), ageusie, anosmie
Oogversteurings	
Minder gereeld:	Dowwe visie, konjunktivitis, oog bloeding, retinale arterie-okklusie, retinale aar-okklusie, glasagtige drywers, konjunktiewe bloeding
Oor- en doolhofversteurings	
Minder gereeld:	Tinnitus, hipoakusie, disfonie
Kardiale versteurings	
Gereeld:	Miokardiale infarksie, angina pectoris
Minder gereeld:	Hartversaking, palpitasie, tagikardie, disritmie
Frekwensie onbekend:	Kardiovaskulêre trombotiese insidente
Vaskulêre versteurings	
Gereeld:	Hipertensie (insluitend verergerende hipertensie)
Minder gereeld:	Pulmonêre embolisme, blosing, vaskulitis, diep veneuse trombose
Respiratories-, torakale- en mediastinale versteurings	
Gereeld:	Rinitis, hoes, dispnee
Minder gereeld:	Brongospasma, pneumonitis
Gastroïntestinale versteurings	
Gereeld:	Naarheid, abdominale pyn, diarree, dispepsie, winderigheid, braking, disfagie, prikkelbare dermsindroom, tandsiekte
Minder gereeld:	Konstipasie, gastritis, stomatitis, gastroïntestinale inflammasie (insluitend verergerende gastroïntestinale inflammasie), eruktasie, gastroïntestinale bloeding, duodenale ulkus, gastriese ulkus, esofageale ulkus, intestinale ulkus, dikderm ulkus, intestinale perforasie, esofagitis, melena, pankreatitis, kolitis, aambei bloeding, gereelde ontlasting, mond ulserasie
Hepato-biliêre versteurings	
Minder gereeld:	Abnormale hepatiese funksie, verhoogde hepatiese ensieme (insluitend verhoogde AST en ALT), hepatitis, leweversaking (soms noodlottig of vereiste leweroorplanting), fulminante hepatitis (sommige met noodlottige uitkoms), hepatiese nekrose, cholestase, cholestatiese geelsug
Vel- en Onderhuidse weefselversteurings	
Gereeld:	Uitslag, pruritus (insluitend veralgemeende pruritus)
Minder gereeld:	Urtikarie, eggimose, alopesie, fotosensitiwiteit, eksfoliatiewe dermatitis, eritematiese multiforme, Stevens-Johnson sindroom, toksiese epidermale nekrolise, medisyne uitslag met eosinofilie en sistemiese simptome (DRESS), akute algemene eksantematiese pustulose (AGEP), bulleuse dermatitis, lipoom, allergiese dermatitis, ganglion
Muskuloskeletale bindweefselversteurings	
Gereeld:	Artralgie
Minder gereeld:	Spier spasmas (spierkrampe), miositis, onderste ledemaat frakture
Nier- en urienweg afwykings	
Minder gereeld:	Verhoogde bloed kreatien, verhoogde bloedureum, akute renale versaking, hiponatremie, tubulêre-interstisiële nefritis, nefrotiese sindroom, glomerulonefritis minimale letsel, nefrolitiase, nokturie
Voortplantingstelsel- en borsafwykings	
Minder gereeld:	Menstruele afwykings
Frekwensie onbekend:	Vroulike onvrugbaarheid (verlaagde vroulike vrugbaarheid), vaginale bloeding, bors teerheid
Algemene siektes en toedieningsarea toestande	
Gereeld:	Griepagtige simptome, perifere edeem/vloeistof retensie
Minder gereeld:	Gesig edeem, bors pyn
Beserings, vergiftiging en prosedurele komplikasies versteurings	
Gereeld:	Beserings wat per ongeluk gebeur

Beskrywing van geselekteerde newe-effekte
In finale data (beoordeel) uit die APC en PreSAP proewe by pasiënte behandel met selekoksib 400 mg daagliks vir tot en met 3 jaar (saamgevoegde data uit albei proewe), was die oortolligheidskoers bo placebo vir miokardiale infarksie 7,6 insidente per 1 000 pasiënte (minder gereeld) en daar was geen oortolligheidskoers vir beroerte (tipes nie gedifferensieerd nie) oor placebo.

Rapportering van vermoedelike newe-effekte
Dit is belangrik om vermoedelike newe-effekte wat waargeneem word nadat die medisyne goedgekeur is, te rapporteer. Dit laat volgehoue observasie van die voordeel/risiko-balans van die medisyne toe. Gesondheidsorgverskaffers word versoek om enige vermoedelike newe-effekte aan SAHPRA te rapporteer via die "6.04 Adverse Drug Reactions Reporting Form", wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gevind kan word: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8

4.9 Oordosering
Daar is geen kliniese ondervinding ervaring oordosering nie. Enkele dosisse van so veel as 1 200 mg en veelvuldige dosisse van tot 1 200 mg twee maal per dag is al toegedien aan gesonde persone sonder beduidende kliniese nadelige uitwerkings.
In geval van 'n vermoedelike oordosering, moet geskikte ondersteunende mediese sorg verskaf word.
Dialise is waarskynlik nie 'n doeltreffende metode van geneesmiddel verwydering nie.

5 FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE
5.1 Farmakodinamiese eienskappe
Kategorie A, klas 3.1 Rumatiekmiddels (anti-inflammatoriese middels)
Farmakoterapeutiese groep: Nie-steroïdale anti-inflammatoriese en antirumaties middels, NSAIMs, SOKs, ATC kode: M01AH01.
Selekoksib is 'n spesifieke siklo-oksigenase-2 (SOK-2) inhibeerder (SSI)
Siklo-oksigenase-2 word geïnduseer in reaksie op inflammatoriese prikkels. Dit lei tot die sintese en ophoping van inflammatoriese prostanoïede, veral prostaglandien E2, wat inflammasie, edeem en pyn veroorsaak.
Selekoksib tree as 'n anti-inflammatoriese, pynstillende en koorswerende middel op deurdat dit die produksie van inflammatoriese prostanoïede deur middel van SOK-2 inhibisie blokkeer.
Selekoksib het 'n baie lae affiniteit vir die konstituerende uitgedrukte siklo-oksigenase -1 ensiem (SOK-1).

5.2 Farmakokinetiese eienskappe
Absorpsie
Wanneer selekoksib onder vastende toestande toegedien word, word piek plasma konsentrasies bereik na ongeveer 2-3 ure.

Selekoksib toon liniêre, en dosis-proporsionele farmakokinetika oor die terapeutiese dosis reikwydte.
Plasmaproteïenbinding is konsentrasie-afhanklik en is ongeveer 97 % by terapeutiese plasma konsentrasies, en die geneesmiddel word nie by voorkeur aan eritrosiete in die bloed gebind nie.

Dosering saam met voedsel ('n hoë-vet maaltyd) verlaag absorpsie en veroorsaak 'n Tmaks van ongeveer 4 uur, en verhoog biobeskikbaarheid met ongeveer 20 %.

Biotransformasie
Selekoksib word in die lewer gemetaboliseer deur hidroksilering, oksidasie en 'n mate van glukuronidasie. Daar is aangetoon dat selekoksib hoofsaaklik gemetaboliseer word deur sitochroom P450 CYP2C9. Farmakologiese aktiwiteit berus in die stamverbinding. Die hoof metaboliete wat in die sirkulasie aangetref word, het geen opmerkbare SOK-1 of SOK-2 inhibeerder aktiwiteit nie.

Eliminasie
Selekoksib word hoofsaaklik geëlimineer deure hepatiese metabolisme met minder as 1 % van die dosis wat onveranderd in die urine uitgeskei word.
Na veelvuldige doserings, is die eliminasie halfleeftyd 8-12 ure en die tempo van opruiming ongeveer 500 mL/min. Met veelvuldige dosering word gelykvlak-plasmakonsentrasies bereik voor dag 5.
Variasie tussen pasiënte met betrekking tot die hoof farmakokinetiese parameters (AOK, Cmaks, eliminasie halfleeftyd) is ongeveer 30 %. Die gemiddelde gelykvlak-verspreidingsvolume is ongeveer 500 L/70 kg in jong, gesonde volwassenes na 'n enkel 200 mg dosis, wat aandui dat selekoksib wyd in die weefsel versprei word. Pre-kliniese studies toon dat selekoksib oor die bloed-brein-skans beweeg.

Spesiale pasiëntgroepe
Hepatiese inkorting
Plasma konsentrasies van selekoksib in pasiënte met ligte hepatiese inkorting verskil nie beduidend van dié van ouderdoms- en geslagsgebaseerde kontroles nie.
In pasiënte met matige hepatiese inkorting is plasmakonsentrasies van selekoksib ongeveer twee keer so hoog as dié van ooreenstemmende kontroles.
Pasiënte met ernstige hepatiese inkorting is nog nie bestudeer nie, maar dit kan verwag word dat hulle ophoping van die stamverbinding sal toon, omdat die lewer die hoofstelsel van metabolisme is.

Renale inkorting
In bejaarde vrywilligers met ouderdomsverwante verlagings in glomerulêre filtrasie spoed (GFS) (gemiddelde GFS > 65 mL/min per 1,73 m2) en in pasiënte met kroniese stabiele renale ontoereikendheid (GFR 35 - 60 mL/min per 1,73 m2), was selekoksib farmakokinetika vergelykbaar met dié wat in die pasiënte met normale renale funksie waargeneem is. Geen beduidende verwantskap tussen serumkreatinien (of kreatinienopruiming) en selekoksib opruiming is vasgestel nie.

Renale effekte
Die relatiewe rolle van SOK-1 en SOK-2 in renale fisiologie is nog onduidelik.
CYRETIB verminder die urinêre uitskeiding van PGE2 en 6-keto-PGF1* ('n prostasiklien metaboliet), maar beïnvloed nie serum-tromboksaan B2 (TXB2) en die urinêre uitskeiding van 11-dehydro-TXB2, 'n tromboksaan metaboliet (albei SOK-1 produkte) nie. Spesifieke studies het aangedui dat **CYRETIB** geen verlagings in GFS in bejaardes en in persone met kroniese renale ontoereikendheid veroorsaak nie. Hierdie studies het ook verbygaande verlagings in fraksionele uitskeiding van natrium aangedui.

Bejaarde pasiënte 65 jaar en ouer
In die populasie > 65 jaar is daar 'n tweevoudige toename in gemiddelde Cmaks en AOK vir selekoksib. Dit is 'n oorwegend gewigsverwante eerder as ouderdomsverwante verandering. Selekoksib-vlakke is hoër in laer gewig individue en dus in die ouer bevolking wat gewoonlik 'n laer gemiddelde gewig het as die jonger bevolking. Bejaarde vroue is dus geneig om effens hoër plasmakonsentrasies van selekoksib te hê as bejaarde mans.

Pediatriese pasiëntgroepe
Selekoksib is nie bestudeer by pasiënte jonger as 18 jaar nie.

6 FARMSEUTIESE BESONDERHEDE
6.1 Lys van hulpstowwe
Kapsule inhoud
laktosemonohidraat
natriumlaurielsulfaat
povidoon
natriumkroskarmellose
magnesiumstearaat
Dop van kapsule
gelatien
titaandioksied E171
natriumlaurielsulfaat

Drukink
skilferlak
propileenglikool
FD& C blou #2 aluminium lake pigment (vir 100 mg kapsules)
geel ysteroksied E172 (vir 200 mg kapsules)

6.2 Onverenigbaarheid
Nie van toepassing.

6.3 Rakleeftyd
42 maande

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls tydens berging
Bêre teen of benede 25 °C. Beskerm teen lig en vog.
Hou die stolpverpakking in die buiteste karton totdat dit benodig word vir gebruik.

6.5 Aard en inhoud van die houer
CYRETIB 100: Deursigtige PVC/aluminiumfoelie stolpverpakking; Pak van 60 kapsules.
CYRETIB 200: Deursigtige PVC/aluminiumfoelie stolpverpakking; Pak van 30 kapsules.

6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir wegdoening en ander hantering
Enige ongebruikte produk of afvalmateriaal moet teruggeneem word na die apteker vir veilige wegdoening, in ooreenstemming met plaaslike vereistes.

7 HOUER VAN REGISTRASIESERTIFIKAAT
Trinity Pharma (Pty) Ltd
106, 16de Weg
Midrand
1686
Suid-Afrika

8 REGISTRASIENOMMER(S)
CYRETIB 100: 49/3.1/0664
CYRETIB 200: 49/3.1/0665

9 DATUM VAN EERSTE MAGTIGING / HERNUWING VAN DIE MAGTIGING
N.A

10 DATUM VAN HERSIENING VAN DIE TEKS
19 Oktober 2021